

Westerse, meganistiese horlosietyd versus die organiese, natuurlike tydsidee van tradisionele Afrika

Hoe kan die konflik opgelos word?

B.J. van der Walt
Vakgroep Filosofie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: hannah@intekom.co.za

Abstract

Western, mechanistic clock-time versus the traditional African organic, natural concept of time. How should this conflict be solved?

*This article is an effort to resolve the tension and conflict between (traditional) African and (modern) Western concepts of time. In order to do so, the salient characteristics of African and Western concepts about time are explained. Because the way in which time is measured reveals a lot about one's viewpoint about time, special attention is given to time measurement in both Africa and the West. In the case of the West the historical development and character of mechanical clocks are investigated. The result of the investigation is summarised in a comparative table. The conclusion is that both Western and African perspectives on time are, albeit in different ways, one-sided. They have to be broadened and enriched by an intercultural and Christian-philosophical perspective. Time should neither be our enemy or boss (as in the case of the West) nor are we the masters of time (Africa). Time is a **gift** of God to be enjoyed, as well as a **task** we as stewards should use responsibly.*

Opsomming

Westerse, meganistiese horlosietyd versus die organiese, natuurlike tydsidee van tradisionele Afrika. Hoe kan die konflik opgelos word?

Hierdie artikel is 'n poging om die spanning en selfs konflik tussen die tydsbeskouings van (tradisionele) Afrika en die (moderne) Weste op te los. Om dit te kan doen, word die uitstaande kenmerke van die twee tydsbeskouings nagegaan. Omdat die manier waarop tyd gemeet word, heelwat van 'n mens se standpunt oor tyd openbaar,

*word spesiale aandag aan tydsmeting in Afrika en die Weste gegee. In die geval van die Weste word die ontwikkeling en aard van horlosies nagegaan. Die resultate van die ondersoek word in 'n vergelykende tabel saamgevat. Die konklusie van die artikel is dat, hoewel op verskillende wyses, sowel die Westerse as die Afrika-perspektief op tyd eensydig is. Hulle moet vanuit 'n interkulturele en Christelik-filosofiese perspektief verbreed en verryk word. Tyd behoort nóg ons baas te wees (soos in die geval van die Weste); nóg is ons die baas van die tyd. Tyd is sowel 'n **gawe** van God wat geniet mag word as 'n **opgawe** waarvan ons die rentmeesters is.*

1. Ter inleiding

Wat tyd presies is, bly tot vandag 'n aktuele vraagstuk (vgl. byvoorbeeld die boeiende boek van Umberto Eco e.a., 1999).

Wêreldwyd word vandag ook al hoe meer besef dat 'n mens se visie op tyd 'n belangrike rol in jou kultuur speel. 'n Westerling (Hall, 1983:22) beweer selfs dat, indien die tydsisteme van twee kulture verskil, die res van die kulture ook heeltemal verskillend sal wees. Mbiti (1969:28), 'n Afrikaan, is van mening dat indien ons die tydsbeskouing van die tradisionele Afrikaan verstaan, dit die sleutel tot 'n beter begrip van die res van sy kultuur bied.

Dat die tydsidee, -meting en -belewing van Afrika en die Weste verskil, weet nie net wetenskaplikes nie (vergelyk byvoorbeeld die volgende Suid-Afrikaanse studies in dié verband: Engelbrecht, 1974:40-54, Kotzé, 1993:15-16 en Silberbauer, 1975:30); elkeen van ons ervaar dit in die daaglikse praktyk. Ten spyte van verwestering lei dié verskil tot wrywing, spanning en selfs konflik. Dit is ook te begrype in die lig van die feit dat volgens beraming 70% van Afrika se mense nog tradisionalistiese plattelanders is. Selfs die ongeveer 30%, wat reeds verstedelik is, het meestal nog diep wortels in die tradisie.

Dat ons hier met 'n reële en uiters aktuele vraagstuk te make het, verg weinig meer verduideliking. Op die werksplek, in die onderwys, politiek, kerklike lewe – oraloor – word ons feitlik daagliks daarmee gekonfronteer. Dit is nie alleen van groot belang vir Ontwikkelingswetenskappe nie (vgl. Diagne & Kimmerle, 1998), en in die Missiologie nie (vgl. Wienecke, 1922; Hiebert, 1985:130-133 en Käser, 1997:175-178), maar ook in die Praktiese Teologie en die Etiek – die vakgebied van prof. Amie van Wyk, aan wie hierdie bundel opgedra word.

Besinning oor hierdie probleem is egter nie net uiters aktueel nie, dit is ook moeilik. Reeds Augustinus (*Confessiones*, XI, 14) het opgemerk dat hy weet wat tyd is. Maar sodra iemand hom sou vra om te verduidelik presies wat tyd is, kon hy dit nie meer doen nie. In 'n vorige publikasie

(Van der Walt, 1997) het ek my dan ook beperk deur daarop te wys *dat* en *hoe* Afrika en die Weste verskil. Met hierdie bydrae wil ek die bul by die horings pak en antwoorde probeer vind op die vrae *waarom* die verskille bestaan en *hoe* die konflik as gevolg van die verskillende tydsvisies moontlik opgelos kan word.

So 'n "oplossing" veronderstel 'n eie standpunt teenoor dié van Afrika en die Weste. As uitgangspunt gebruik ek belangrike insigte wat in die Reformatoriese filosofiese tradisie ontwikkel is.¹ Ek vermy egter die verskille oor detailpunte tussen hierdie denkers en vereenvoudig die ingewikkelde probleme ter sprake om hierdie bydrae ook vir filosofies oningewydes toeganklik en van betekenis te maak.

2. Afrika se tydsvoorstelling

In die verlede is soms beweer dat omdat Afrikane nie weet hoe om tyd (soos Westerlinge) te gebruik nie, hulle heel waarskynlik ook nie 'n eie visie op tyd het nie. Talle studies oor verskillende stamme in Afrika het so 'n veronderstelling egter reeds oortuigend weerlê.

Mbiti (1969:17) het byvoorbeeld 'n lang debat uitgelok met sy stelling dat tradisionele Afrikane 'n tweedimensionele (i.p.v. die Westerse driedimensionele) tydsvisie huldig. Hierdie tydsvisie impliseer 'n lang verlede, 'n hede en feitlik geen toekoms nie. Hierin is hy slegs deur enkeles (bv. Kagame, 1996) gesteun. Die meeste skrywers het baie negatiewe kritiek op sy standpunt gehad.² Daar is ook detailstudies oor verskillende bevolkingsgroepe beskikbaar.³

My eie standpunt in dié verband is dat die *tydsbeleving* van tradisionele Afrika en die Weste heelwaarskynlik nie veel verskil nie. *Tydsbeleving* is tot die aktuele hede beperk. Van die gestolde verlede kan ons alleen 'n *herinnering* hê en van die potensiële toekoms slegs *verwagtings* koester (Spier, 1953:123). Omdat elke mens in die hede lewe – die knooppunt tussen verlede en toekoms – kan hy slegs 'n beperkte ervaring van die nabye verlede hê en nog minder van die toekoms.

Myns insiens lê die verskil tussen Afrika en die Weste nie in hulle *tydsbeleving* nie, maar wel in hulle *tydsvoorstellings*. Afrika is beslis

1 Vergelyk byvoorbeeld Dengerink, 1986:240-245; Dooyeweerd, 1953-1958; Hart, 1973; Mekkes, 1971, Popma, 1965; Spier, 1953; Stoker, 1948a, 1948b en Van Riessen, 1970:119, 123, 186.

2 Kyk byvoorbeeld Gyekye, 1995, 1996; Kato, 1987; Masolo, 1995; Moreau, 1986 en Wiredu, 1996.

3 Vergelyk Alagoa (1998), Ayode (1979), Kudadjie (1996) en Kusa (1998).

meer aan die verlede georiënteerd terwyl die Weste meer toekomsgerig is. In Afrika speel die tradisie ongetwyfeld 'n groot rol en in die Weste is die vooruitgangsgeloof – ten spyte van teenslae – nog steeds 'n sterk dryfkrag.

Een van die belangrikste redes waarom die tradisionele Afrika-mens meer op die verlede gerig is, is die algemene verskynsel van voorouer-verering – selfs onder verstedelike mense. Van hierdie “lewende dooies” uit die verlede se goedgesindheid hang die welsyn van die mens in die hede af. Vandaar al die verskillende seremonies wat tot die voorouers se eer uitgevoer moet word, sodat 'n mens nie in onguns by hulle raak nie (vgl. Van der Walt, 1997:114-118).

Hierdie instelling by tradisionele Afrika hang verder saam met een van die belangrikste trekke van hulle tydsidee, naamlik dat daar nie vir hulle so iets soos “leë” tyd bestaan nie. Tyd is onafskeidelik verbonde aan 'n bepaalde plek, ruimte of spesifieke gebeure. Tyd is iets konkreet. Omdat – so word geredeneer – die toekoms nog nie “gebeur” het nie, bestaan dit ook nie. En omdat tyd vir hulle nie los van konkrete dinge en gebeure kan bestaan nie, kan tyd ook nie “gemors” word nie.

3. 'n Blik op die Westerse nadenke oor tyd

In teëstelling tot die Afrikavisie het Westerse denkers reeds vroeg in die geskiedenis (bv. die antieke Griekse filosowe) die “volheid” van die tyd versmal of gereduseer tot een of ander tydsvorm of -faset. Spier (1953:7-76) en Popma (1965) bied in dié verband detailgewens van tyds-beskouinge vanaf die antieke tot die moderne tyd, terwyl Kimmerle (1995:74-80; 1996:11-17 en 1998:18-21) kort uiteensettings van die postmodernistiese visies van byvoorbeeld Derrida en Lyotard gee.

Terwyl laasgenoemde twee denkers poog om tyd weer soos tradisionele Afrika in sy volheid en konkreetheid te benader, het feitlik alle vorige Westerse filosowe dit in hulle beskouinge tot iets een- of hoogstens tweedimensioneels vereng. Tyd is byvoorbeeld gereduseer tot fisiese, biotiese, psigiese, analitiese en historiese tyd. Dit is juis op hierdie punt waar die Reformatoriese filosofie bevrydende perspektiewe kan open.

4. Die bydrae van die Reformatoriese denke

Soos reeds hierbo vermeld, gee ek bloot die breë lyne van die Reformatoriese filosowe se denke hier weer, die belangrike punte van ooreenstemming en nie die detailpunte waaroor hulle verskil nie. Veral Jager (1962:387-400), Popma (1965) en Spier (1953:77-98) bied goeie samevattinge daarvan vir die oningewyde leser.

In ooreenstemming met die Skrifopenbaring leer Reformatoriese denkers dat God alleen ewig is. Alles in die skepping is tydelik. Tyd is nie 'n ding, handeling of gebeure nie. Nêrens in die skepping kom ons "suiwer" tyd teë nie. Terselfdertyd bestaan daar ook nie iets soos "leë" tyd nie, behalwe in 'n abstrakte tydsbegrip. Die tydsheid van die skepping is allesdeurdringend. Ons sien dit in al die *tydelike* dinge.

'n Unieke en baie waardevolle bydrae is verder die Reformatoriese denkers se onderskeid van verskillende aspekte aan die aardse werklikheid. Stoflike dinge ('n klip of 'n metaal) is byvoorbeeld telbaar (die aritmetiese), dit beslaan ruimte en vertoon 'n fisiese kant (energie). Behalwe hierdie drie aspekte, vertoon plantelewe 'n addisionele biotiese aspek – plante is lewende wesens. Plante het egter nie gevoel nie. Dit kry ons eers by die diereryk met 'n psigiese faset. By die mens – 'n nog veel ryker skepsel – kan ons die volgende bykomende modaliteite of synswyses onderskei: 'n logiese, historiese, linguale, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en geloofsdimensie.

Kosmiese, omvattende of universele tyd, wat so intiem met die hele geskape werklikheid verweef is, neem volgens hierdie modaliteite verskillende gestaltes aan wat ons tydsforme sou kon noem. Daarvolgens kan byvoorbeeld onderskei word tussen fisiese bewegingstyd, organiese of biologiese groeityd, gevoelstyd, ekonomiese produksie- en konsumpsie tyd, die juridiese tyd in byvoorbeeld die tydsbepaling van 'n kontrak of die geldingstyd van 'n wet en die geloofstyd tipies van 'n gebed of 'n erediens.

'n Mens moet versigtig wees om nie God se veelkleurige geskape werklikheid tot een van sy aspekte te reduceer en byvoorbeeld te sê dit is niks anders as 'n fisiese of ekonomiese werklikheid nie. Dan verval 'n mens in die verabsoluttering van een aspek en beland jy in 'n -isme (fisikalisme of ekonomisme). Net so mag ons ook nie fisiese tyd of enige ander tydsvorm as die ware tyd beskou nie. Tyd in sy multidimensionele volheid mag nie in een of net sommige van sy vorme gesoek word nie.

Dit is die geval omdat konkrete dinge of gebeure deel het aan verskillende tydsforme. Een van hierdie tydsforme kan egter gewoonlik as die bepalende of kwalifiserende aangedui word. Gebedstyd het deel aan al die ander tydsvorms (die biddende persoon neem [fisiek] 'n bepaalde houding in, praat 'n taal, ensovoorts), maar dit word deur die geloofsaspek bepaal. Dieselfde geld van die duur van 'n handelstransaksie. Dit staan egter onder leiding van die ekonomiese. Die tydsduur van tandpyn is weer anders, naamlik psigies gekwalifiseerd.

Hierdie (baie vereenvoudigde) perspektiewe van die Reformatoriese nadenke oor tyd bied 'n baie nuttige invalshoek vir ons probleem, naamlik die verskil tussen die tydsvisies van Afrika en die Weste. Die vraag kan gestel word of die tradisionele Afrikaan en die hedendaagse Westerse mens nie geneig is om tyd in sy multidimensionaliteit van tydsvorms tot een of meer van sy dimensies te herlei nie. Om 'n antwoord op hierdie vraag te kry, moet ons veral kyk na hoe Afrika en die Weste tyd meet. Want hoe 'n mens tyd waarneem en meet, vertel baie van 'n mens se visie op die tyd.

5. Tydsmeting in Afrika

Ter inleiding moet gestel word dat Afrika, meer as die Weste – wat geneig is om tyd tot horlosietyd te reduceer – verskillende soorte tydsvorms erken. So byvoorbeeld mitiese oertyd, rituele (godsdiensstige) tyd, landboutyd, seisoentyd, sontyd, maantyd, ensomeer (Hiebert, 1985:131 en Tiemersma, 1996:281). Tradisionele Afrika het nie een fundamentele tydsistiem (bv. horlosietyd) geken wat al dié tye gereguleer het nie. Daarom het die Afrikaan ook verskillende maniere gebruik om tyd te meet. Die verskillende etniese groepe kom daarin ooreen dat hulle tydsmeting nie numeries van aard is nie, maar soos reeds gesê, op konkrete gebeure gegrond is (Mbiti, 1969:19 noem dit “phenomenon calendars”). Hierdie feit dat tyd volgens Afrikane onlosmaaklik aan gebeure (en dus aan ruimte) gekoppel is, word deur talle Afrikaskrywers bevestig.⁴

Afhangende van watter gebeure binne hulle eie kultuur as belangrik beskou is, het die verskillende groepe ook verskillende tydsmate toegepas. Waar byvoorbeeld beesboerdery belangrik was, is elke dag daarvolgens ingedeel. Die oggend vroeg was “melktyd”, daarna kom “weityd”, “watergeetyd”, die “tyd om terug kraal toe te gaan” en teen die aand weer “melktyd”.

Die maand is volgens die stand van die maan bereken. Natuurlik het die verskillende maande ook destyds nie Westerse name gehad nie, maar is hulle benoem volgens wat gedurende die maand kenmerkend van die natuur was. So byvoorbeeld “die droë maand”, “die maand wat die aalwyne blom” of “die maand wanneer die gras geel word” of 'n bepaalde gewas gereed is vir die oes.

In oorwegend landbougemeenskappe was 'n jaar nie noodwendig 365 dae nie, maar die verskillende seisoene het 'n jaar uitgemaak.

4 Vergelyk byvoorbeeld Ayoade (1979:77-81), Kagame (1996:82-83), Kudadjie (1996:139-141) en Wiredu (1996:132-134. Vergelyk ook Kimmerle, 1995:81-84 en 1998:23.

Hieruit is dit duidelik dat Afrika teenoor die meganistiese Westerse lewensvisie 'n meer organiese lewensvisie huldig. Die werklikheid lyk en funksioneer meer soos 'n lewende organisme en nie soos 'n dooie masjien nie. Afrikatydsberekening en -meting weerspieël hierdie organiese ritme van die natuur. Die dag, maand en jaar groei en word "ryp". Só moet ook die tyd vir 'n bepaalde aksie ryp wees. Dit kan nie willekeurig volgens 'n horlosie bepaal word nie.

Hoewel verskillende Afrikaskrywers daarop wys dat daar in sommige groepe se tydsvisie ook 'n liniêre element meespeel, is die oorwegende mening dat tyd vir Afrika 'n sterk sikliese of spirale aard het. Dit hang heelwaarskynlik saam met wat so pas gesê is, naamlik dat Afrika se tydsidee aan natuurgebeure verbind is. Volgens hierdie tydsvisie – reeds prominent in die antieke Griekse denke (vgl. Berkhof, 1959:14-16 en Cullmann, 1951:51-60) – het tyd en geskiedenis geen begin (oorsprong) of einde (doel) nie. Soos in die natuur die lente, somer, herfs en winter mekaar opvolg, vorm tyd en geskiedenis 'n eindeloos herhalende kringloop.

Hierby moet nog 'n verdere belangrike kenmerk gevoeg word. Dit hang saam met die feit dat Afrika – teenoor die Westerse individualisme – kommunalisties dink en doen (Van der Walt, 1997:28-49). Sonder uitsondering lê talle skrywers klem op hierdie uitstaande kenmerk van al die Afrikakulture. Die mens *het* 'n sosiale en individuele kant. Afrika oorbeklemtoon egter een van die kante en sê die mens *is* 'n sosiale wese – net soos wat die Weste die mens as individuele wese definieer. "Ek is omdat ons is" is die refrein wat deur talle gesegdes en spreuke van Afrika loop. Daarteenoor sal 'n Westering eerder sê: "Ons is omdat ek is".

Hierdie kommunalistiese oriëntasie stempel ook die tradisionele tydsbeskouing, -meting en -beleving van die Afrikaan. Tyd is *ons* tyd, tyd om *saam* deur te bring en te geniet. Dit is nie tyd om myself te verryk (die Weste) nie. Voldoende tyd moet dus vir jou medemens gemaak word en 'n horlosie kan nie hierdie *sosiale* tyd bepaal en beperk nie. Afrika se tydsidee is nie onbuigsaam soos 'n staal maatstok (Weste) nie, maar elasties soos 'n rek.

6. Tydsmeting in die Weste

Baie eeue voor die horlosie is tyd reeds deur middel van 'n sonwyser gemeet. Ons lees daarvan in 2 Konings 20:9 en met opgrawings in Palestina is een gevind wat uit 1300 v.C. dateer. Anders as die sonwyser hou 'n horlosie voordele in soos dat tyd daarmee ook gemeet kan word wanneer die son nie skyn nie of as dit nag is.

Volgens Tairako (1996:94) is meganiese horlosies eers in die dertiende eeu na Christus ontdek. Aanvanklik is dit net in kerke en katedrale gebruik om gebedstye – ook in die nag – te kon bepaal. Gedurende die 14de eeu vind horlosies ook in die openbare lewe ingang en in die 15de eeu is horlosietorings reeds in die stadsentrums van baie stede aangebring. Geleidelik is die natuurlike, landelike tyd met kunsmatige stadstyd vervang – ’n transformasie van sakrale na profane tyd. Vakmanne kon nou hulle werksure beter bepaal en handelaars hulle kosteberekening noukeuriger beplan. Dit het al meer om tyd as sodanig – en geld – gegaan. Die tafelhorlosie en die sakhorlosie is in die 16de uitgevind – ’n situasie wat die individu nog verder in staat sou stel om sy eie tyd te beheers. Teen die 17de eeu was die gebruik van persoonlike horlosies reeds algemeen onder die gegoede middelklas. Dit het outonome, individuele tydsbeplanning moontlik gemaak, onafhanklik van die natuurlike tyd en menslike emosies of van die inmenging deur kerklui of politieke outoriteite. Tyd het die “eiendom” van die individu geword waarmee sy/hy kon handel volgens eie goeddunke.

Sowel die sonwyser as die horlosie se tydsmeting was moontlik omdat tyd en ruimte (’n faset van die werklikheid) so nou verbonde is. Ons kan (fisiese) ruimte veel makliker voorstel as tyd. Verder is die baan wat die horlosiewysers (iets fisies) oor die ruimte van die wyserplaat volg nie willekeurig nie, maar gekoppel aan astronomiese tyd (die omwenteling van die aarde om sy eie as). Die wyserplaat is ook numeries in gelyke eenhede (ure, minute) ingedeel. Al hierdie aspekte sou ons die matematis-fisies-ruimtelike funderingsaspekte van ’n horlosie kon noem.

Die horlosie is egter meer. Dit is ook ’n kultuurprodukt wat sosiaal aanvaar word. En ons waarneming van “tyd” op die horlosie is ’n psigiese aktiwiteit, hoewel die ander menslike funksies (soos bv. die analitiese) ook betrokke is. (’n *Horlosie* meet nie tyd nie, maar die *mens* doen dit deur middel van die horlosie.)

Omdat van werklike meting slegs sprake kan wees in die geval van twee vergelykbare, gelyksoortige groothede, dui horlosietyd eintlik net op die matematis-fisies-ruimtelike deelyd. ’n Horlosie sal dus die meeste kan sê oor fisies gekwalifiseerde dinge, soos byvoorbeeld die tyd wat ’n koeël of projektiel neem om sy doelwit te tref. Van dinge met bo-fisiese eienskappe (byvoorbeeld plant, dier en mens) is die tydsmeting iets *bykomstig* wat nie hulle eie aard regstreeks raak nie. Enkele voorbeelde kan dié gedagte verduidelik. Of ’n kerkdiens nou ’n halfuur of twee uur duur, doen nie iets af of voeg iets by tot die wesentlike *godsdienstige* aard daarvan nie. Of ’n tandpyn (iets *psigies*) slegs tien minute of tien uur aanhou – in albei gevalle is dit werklik pynlik. Indien die liefdespel

tussen man en vrou 'n halfuur duur, openbaar dit nog weinig oor die kwaliteit van die liefde (*etiese*) self.

Omdat alles nie getel en gemeet kan word nie – 'n sterk neiging in die Weste – sê horlosietyd wel *iets* van individuele gebeure, maar nooit *alles* nie. Daarmee word nie gesê dat die “iets” irrelevant is nie. Die ouderdom van 'n boom of 'n katedraal of die duur van maagpyn het wel betekenis. (As maagpyn te lank duur, kan dit op 'n ernstige siektetoestand – iets biologies – dui.)

Ongelukkig is die Westerse mens juis geneig om (as gevolg van die invloed van die horlosie) die *totaal*tyd van 'n saak of gebeure nie net vanuit sy matematies-fisies-ruimtelike (dit wil sê meganiese) *deel*tyd te benader nie, maar selfs daartoe te reduseer.

7. Nog twee belangrike trekke van Westerse tyd

Twee uitstaande trekke van die moderne Westerse tydsidee wat nog nie ter sprake gekom het nie, is die liniêre en ekonomiese aard daarvan.

Die Westerse tydsidee kan met 'n reguit lyn (met 'n pyl vooraan) of met 'n styf gespanne draad voorgestel word. Die lyn is in gelyke eenhede opgedeel en die punt (= hede) beweeg teen dieselfde spoed steeds verder op die skaal in die rigting van die toekoms. Hoewel die horlosie 'n ronde wyserplaat het, word dieselfde liniêre tydsidee daarin vergestalt (Tiemersma, 1996:161).

Die liniêre tydsidee met sy gerigtheid op die toekoms (vergelyk hierbo) maak die Westerse kultuur 'n ontsettende gejaagde kultuur. Die kompetisie om materiële welvaart is nie meer net 'n stryd om die “oorlewing van die *sterkste*” nie, maar het ook 'n stryd geword om die “oorlewing van die *vinnigste*”. Dié kompetisie is deur middel van tegnologiese middele, soos die rekenaar, tot 'n ongelooflike tempo opgestoot.

Volgens Kudadjie (1996:146) moet Afrika se tydsvisie eerder met die beeld van 'n spiraal of 'n wiel as met 'n sirkel voorgestel word. Sy rede is dat tyd volgens Afrika nie bloot 'n sikliese, statiese herhaling is sonder enige afwisseling en nuwe moontlikhede nie.

Die tweede uitstaande trek van die hedendaagse Westerse tydsbeskouing is dat tyd hoofsaaklik gesien word as 'n middel tot materiële vooruitgang. Talle skrywers vestig die aandag op die bekende Westerse uitdrukking “tyd is geld”. Die ekonomiese faset van tyd word dus oorbeklemtoon of verabsoluteer.

Kudadjie (1996:142) verduidelik die verskil met Afrika soos volg:

In this culture (dié van Afrika) the deed (teenoor jou naaste), not time, is the master. As it were, time is the servant; it is a means to an end, a tool in one's hand ... This African attitude contrasts sharply with the Western-oriented modernist slogan that time is money, a philosophy which has brought in its wake much impersonal and even inhuman relationships. Contemporary Western culture puts more premium on time than on time-consuming but enduring relationships.

8. Samevattende konklusie

Die gevolgtrekking in die lig van bostaande is dat sowel die Weste as Afrika eensydige tydsbeskouings huldig. Nie een van hulle sien tyd werklik in sy multidimensionele volheid en verskeidenheid raak soos deur 'n Reformatoriese filosofie aangetoon nie.

Afrika se tydsbeskouing kom daarop neer dat tyd eintlik nie buite die groep bestaan nie. Die volle tydsbesef word vereng tot gemeenskaplike groepstyd. Afrika se tydsvisie is dus *organies* gefundeer, maar *sosiaal* gerig. Westerse tyd is op die matematies-fisiese, dit wil sê *meganies* gegrond en *ekonomies* gekwalifiseer. Elkeen van hulle bevat dus 'n waarheidsmoment, maar dit is nie eers 'n halwe waarheid nie. En die spreekwoord sê dat 'n halwe waarheid baie gevaarlik kan wees.

Verabsoluttering van een of ander werklikheids- of tydsaspek lei tot -ismes. Terwyl die sin van ons bestaan *bokant* die skepping in God lê, soek -ismes (ook dié van Afrika en die Weste) sin *in* hierdie werklikheid. 'n Aspek van die tydse werklikheid word vergoddelik of in die plek van God gestel.

Die gevare blyk dan ook duidelik uit die praktyk in die botsings tussen Afrikane en Westerlinge. Afrika is nie haastig nie. Soos 'n appel wat moet ryp word, moet die tyd om 'n vergadering te begin ook eers reg wees. Dit begin nie op 'n bepaalde uur nie, maar wanneer almal opgedaag het. En dit sluit ook nie op 'n bepaalde tyd af nie, maar wanneer almal hulle sê gesê het. Die bus of taxi het ook nie 'n vasgestelde aankoms- en vertrektyd nie – dit vertrek eers as dit vol is. Westerse mense kyk gedurig op hulle horlosie en raak gefrustreerd met die stadige Afrikatyd. Dieselfde malle gejaag van Westerlinge om oral betyds te wees, is weer 'n groot bron van irritasie vir die rustige Afrikamense.

'n Mens sou graag die twee tydsbeskouings onder twee tiperende trefwoorde wou saamvat. As gevolg van hulle veelkantigheid is dit egter nie moontlik nie. Wat wel kan help, is om die voorafgaande skematies in die volgende diagram saam te vat:

Samevattende vergelyking van tydsbeskouings	
Tradisionele Afrika	Moderne Weste
1. iets konkreets	1. iets abstraks (net matematies – fisies)
2. Onafskeidelik gebonde aan ruimte en dus gebeure (“ge vulde” tyd)	2. Nie gebonde aan ruimte en gebeure nie (“leë” tyd)
3. iets natuurliks	3. iets kunsmatig – tegnologie s
4. Holisties – integrerend	4. Kompartementaliserend – mens se bestaan versplinter; disintegrasie
5. Elke tyd is uniek	5. Tyd is oral oor die wêreld dieselfde (wêreldtyd)
6. Heterogeen – verskillende soorte tye	6. Homogeen – net een soort (horlosietyd)
7. Is iets kwalitatiefs – veel meer as net die getalsaspek daarvan	7. iets kwantitatiefs wat in getalle uitgedruk word
8. Word gemeet aan konkrete dinge en gebeure (organiese groei, ekologiese gebeure, rituele verpligtinge, ens.)	8. Word alles gemeet aan die horlosie – ook die dinge wat nie só gemeet kan word nie
9. iets subjektief-menslik (<i>in</i> die mens)	9. Tyd is geobjektiveer tot iets <i>buite</i> die mens
10. Word eksistensi eel beleef	10. Word as neutraal ervaar
11. Organies	11. Meganies
12. Sosiaal (<i>ons</i> tyd). Groepstyd verenig mense	12. Individueel (<i>my</i> tyd). Individuele tyd vervreem mense van mekaar
13. Meer siklies (= sirkel, spiraal, wiel) en dus herhalend (geen begin of einde)	13. Meer liniêr (= pyl) en dus onherhaalbaar verby (duidelike begin en einde)

14. Georiënteerd op verlede	14. Toekomsgeoriënteerd
15. Tyd moet "ryp" word (vergelyk organiese trek)	15. Alle tye is dieselfde (= horlosietyd)
16. Kairologies (regte tyd belangrik)	16. Kronologies (tyd is 'n aaneenskakeling van tydseenhede)
17. Elasties en buigbaar (byvoorbeeld gebrek aan stiptelikheid, beplanning, ens.)	17. Onbuigsaam (byvoorbeeld streng skedules, stiptelikheid, goeie beplanning)
18. Die nodige tyd kan <i>gemaak</i> word volgens behoefte en omstandighede – dis volop	18. Tyd moet <i>gevul</i> word, want dit is skaars
19. Lei tot rustige en ontspanne tempo	19. Lei tot gejaagdheid en gespannenheid
20. Tyd is ons <i>dienskneg</i>	20. Tyd is ons <i>baas</i>

9. Wat is die oplossing?

Natuurlik is tradisionele Afrika se tydsiee alreeds tot 'n mindere of meerdere mate verwesters. Toe 'n sendeling in die jaar 1895 op sy horlosie kyk en vir die koster sê dat dit tyd is om die nuwe kerkklok ('n geskenk van die sendende kerk in Europa) te lui, lui dit terselfdertyd 'n nuwe tydsbeskouing by 'n verafgeleë sendingstasie in. Moderne dinge soos 'n lugredery of 'n fabriek kan moeilik sonder Westerse horlosietyd bestuur word.

Maar nogtans het Hoffmann (1998:304) gelyk dat die oplossing nie is om eenvoudig die Westerse tydsiee op Afrika af te dwing nie. Omdat 'n volk se tydsiee so intiem met sy lewensvisie verweef is, kan dit nie verander word sonder om die res van die kultuur te skaad nie. Ook die omgekeerde (Afrika se tydsiee as die norm) is volgens Hoffmann nie gewens nie. Volgens hom moet ons tereg na 'n *interkulturele* konsep van tyd soek.

Ek stem saam met dié siening, solank so 'n nuwe tydsbeskouing nie bloot die samevoeging van die beskouing van Afrika en die Weste is nie. Die goeie en waardevolle trekke (waarheidsmomente) by elkeen moet wel gebruik word, maar dis nie voldoende nie. Hierbo het dit duidelik geblyk dat die perspektiewe van 'n Christelike filosofie ons tydsvisie geweldig kan verbreed en verryk, sodat dit veel meer tyds-

forme insluit as net dié waarop die Weste en Afrika klem lê. So word ons lewe, in plaas van verarm deur eensydige visies, ontsaglik verryk.

Die belangrikste aspek wat ek wou aantoon, is dat die konflik tussen Afrika en die Weste se tydsidees en tydsbenutting wel prinsipieel opgelos kan word vanuit die perspektief van 'n derde alternatief, naamlik 'n werklik Christelike tydsbeskouing. Daartoe het die Reformatoriese filosofie reeds 'n belangrike bydrae gelewer. Ek wil dit ten slotte met net een perspektief uit die Skrif verryk om aan hierdie “derde perspektief” nog duideliker gestalte te gee. Dit is die Bybelse openbaring dat ons nóg slaaf van die tyd (die Weste) nóg baas van die tyd (Afrika) is, maar *rentmeesters* daarvan.

10. Baas, slaaf of rentmeester?

Die Woord van die Here verval nie in die dilemma van óf baas van die tyd (Afrika) óf slaaf daarvan nie (die Weste). Die Bybel stel duidelik dat tyd 'n *goeie gawe* van God is, maar terselfdertyd 'n *groot opgawe*.

Tyd is eerstens 'n gawe. God hou ons tye (ons lewensduur) in sy hand (Ps. 31:16). Tyd is dus nie ons *vyand* soos die Weste dikwels voorgee nie. Banks (1983) gee tereg sy boek oor die Westerse tydsidee die titel *The tyranny of time*.

Cullman (1951:52, 53) toon aan hoe die antieke Griekse opvatting oor tyd Christene se denke deur die eeue tot vandag beïnvloed wanneer hulle glo dat die tyd die mens se vyand is – iets waarvan ons gelukkig by die voleinding verlos sal word wanneer ons “die tydelike met die ewige verwissel”.

Teenoor hierdie heidense opvatting leer die Skrif volgens Berkhof (1959: 178) die volgende:

De tijd is de vorm van ons geschapen mens-zijn. De zonde heeft gemaakt, dat wij geen tijd hebben, en een schimmig voortgejaagd bestaan leiden tussen verleden en toekomst. Maar de voleinding als de verheerlijking van het bestaan zal ook beteken, niet: dat we uit de tijd worden gehaald en van de tijd worden verlost, maar: dat de tijd als de vorm van ons verheerlijkt bestaan medevervuld en medeverheerlijkt wordt. Voleinding betekent: opnieuw leven in de opeenvolging van verleden, heden en toekomst, maar dan zó dat het verleden zegenend meegaat en de toekomst het heden doorstraalt, zó dat wij sterven zonder rusteloosheid en rusten zonder werkloosheid ...

Ons tydelikheid (in-die-tyd-wees) is ook nie dieselfde as ons verganklikheid nie. Ons sterflikheid is volgens die Skrif nie aan ons tydsheid

nie, maar aan ons sondigheid te wyte. (Vergelyk die verband wat gelê word tussen verganklikheid en die boosheid van die wêreld in Efesiërs 5:16. Tyd is soms so beklemmend omdat die teenwoordige wêreld sondig is.)

Tyd hou dus ook nie eendag op nie – ons sal skepsele en dus tydse wesens bly – ook in die (ewige) lewe hierna. Openbaring 10:6 is soms (op grond van die Ou Vertaling) as bewys aangevoer dat tyd as sodanig by die voleinding sal ophou. Die Nuwe Vertaling is veel beter: “Daar is geen tyd meer oor nie”, met ander woorde die tyd van uitstel om ons te bekeer is finaal verby.

Omdat tyd ’n kosbare gawe van God is, wil hy ook hê ons moet dit geniet (vgl. Prediker 2:24, 25; 5:17, 18; 9:9 en 11:8, 9). Ons mag ons daarom nie oor die toekoms bekommer nie (Matt. 6:34) – Hy sorg ook daarvoor.

Maar tyd is tweedens terselfdertyd ’n groot opgawe. (Filosofies gestel: tyd het nie net ’n *subjektiewe* tydsduur nie, maar ook ’n *normatiewe* kant.) Omdat ons tyd onherroeplik verbygaan (Job 7:6; Ps. 39:6 en 103:15), kan ons te vroeg, te laat of betyds wees. Op baie plekke in die Skrif word ons daarom opgeroep om die tyd wat God ons gun, reg te gebruik (so byvoorbeeld Pred. 12:1; Ps. 90:12; Ef. 5:15, 16 en Kol. 4:5). Ons is nie die *base of eienaars* van God se tyd, soos wat Afrikane geneig is om te dink nie. Ons is slegs *trustees of rentmeesters* van sy gawe. Oor hoe ons die Godgegewe tyd gebruik, moet ons dus ook aan Hom verantwoording doen.

Bibliografie

- ALAGOA, E.J. 1998. The African philosophy of time. (*In* Diagne, S.R. & Kimmerle, H. Time and development in the thought of Sub-Saharan Africa. Amsterdam/Atlanta : Rodopi. p. 217-224.)
- AYOADE, J.A.A. 1979. Time in Yoruba thought. (*In* Wright, R.A. African philosophy; an introduction. Washington : University Press of America. p. 71-89.)
- BANKS, R. 1983. The tyranny of time. Homebush West, NSW : Lancer.
- BERKHOF, H. 1959. Christus de zin der geschiedenis. Nijkerk : Callenbach.
- CULLMANN, O. 1951. Christ and time; the primitive Christian conception of time and history. London : SCM.
- DENGERINK, J.D. 1986. De zin van de werkelijkheid; een wijsgerige benadering. Amsterdam : V.U. Uitgeverij.
- DIAGNE, S.B. & KIMMERLE, H., eds. 1998. Time and development in the thought of Sub-Saharan Africa. Amsterdam : Rodopi.
- DOOYEWEERD, H. 1953-1958. A new critique of theoretical thought (4 dele). Amsterdam : Paris / Philadelphia : Presbyterian and Reformed Publications.
- ECO, U., GOULD, S.J., CARRIERE, J.-C. & DELUMEAU, J. 1999. Conversations about the end of time. London : Penguin.
- ENGELBRECHT, F.J. 1974. Tyd en ruimte by die Bantoe. Pretoria : Van Schaik.

- GYEKYE, K. 1995. An essay on African philosophical thought; the Akan conceptual scheme. Philadelphia, Pennsylvania : Temple University Press.
- GYEKYE, K. 1996. On Mbiti's view of time for traditional Africans. (*In* Parker, E. & Kalumba, K.M. African philosophy. New Jersey : Prentice Hall. p. 93-98.)
- HALL, E.T. 1983. The dance of life; the other dimension of time. Garden City, New York : Anchor.
- HART, H. 1973. Problems of time; an essay. *Philosophia Reformata*, 38:30-42.
- HIEBERT, P.G. 1985. Anthropological insights for missionaries. Grand Rapids, Michigan : Baker.
- HOFFMANN, G-R. 1998. Western concepts of time and development in an African context. (*In* Diagne, S.B. & Kimmerle, H. Time and development in the thought of Subsaharan Africa. Amsterdam/Atlanta : Rodolpi. p. 299-310.)
- JAGER, O. 1962. Het eeuwige leven met name in verband met de verhouding van tijd en eeuwigheid. Kampen : Kok.
- KAGAME, A. 1996. The empirical appreciation of time and the conception of history in Bantu thought. (*In* Parker, E. & Kalumba, K.M., eds. African philosophy. New Jersey : Prentice Hall. p. 82-90.)
- KÄSER, L. 1997. Fremde Kulturen; eine Einführung in die Ethnologie für Entwicklungshelfer und kirchliche Mitarbeiter Übersee. Erlangen: Verlag der Evangelisch-Lutherische Mission.
- KATO, B.H. 1987. Theological pitfalls in Africa. Nairobi : Evangelie.
- KIMMERLE, H. 1995. Mazungumzo; dialogen tussen Afrikaanse en Westerse filosofieën. Amsterdam : Boom.
- KIMMERLE, H. 1996. How can time become time (again)? (*In* Tiemersma, D. & Oosterling, H.A.F. Time and temporality in intercultural perspective. Amsterdam : Rodolpi. p. 11-23.)
- KIMMERLE, H. 1998. The concept of time as a key-notion for new ideas about development. (*In* Diagne, S.B. & Kimmerle, H. Time and development in the thought of Subsaharan Africa. Amsterdam : Rodolpi. p. 15-30.)
- KOTZE, J.C. 1993. In their shoes; understanding Black South Africans through their experience of life. Kenwyn : Juta.
- KUDADJIE, J.N. 1996. Aspects of Ga and Dangme thought about time as contained in their proverbs. (*In* Tiemersma, D. & Oosterling, H.A.F., eds. Time and temporality in intercultural perspective. Amsterdam/Atlanta : Rodolpi. p. 137-148.)
- KUSA, D.O. 1998. The perception of time in Nigeria. (*In* Diagne, S.B. & Kimmerle, H. Time and development in the thought of Subsaharan Africa. Amsterdam/Atlanta : Rodolpi. p. 163-170.)
- MASOLO, D.A. 1995. African philosophy in search of identity. Nairobi : East African Educational Publishers.
- MBITI, J.S. 1969. African religions and philosophy. London : Heinemann.
- MEKKES, J.P.A. 1971. Radix, tijd en kennen. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.
- MOREAU, J.S. 1986. A critique of John Mbiti's understanding of the African concept of time. *East African Journal of Evangelical Theology*, 5(2):36-48.
- POPMA, K.J. 1965. Nadenken over de tijd. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.
- SILBERBAUER, E.R. 1975. Understanding and motivating the African worker. Johannesburg : Keartland.
- SPIER, J.M. 1953. Tijd en eeuwigheid; een wijsgerig onderzoek in het licht van Gods Woord. Kampen : Kok.
- STOKER, H.G. 1948a. Die problematologie van die tydsvorme. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*: 47-61, April.

- STOKER, H.G. 1948b. Gelyktydigheid. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*: 32-53, Oktober.
- TAIRAKO, T. 1996. Time and temporality from a Japanese perspective. (*In* Tiemersma, D. & Oosterling, H.A.F. Time and temporality in intercultural perspective. Amsterdam : Rodolpi. p. 93-104.)
- TIEMERSMA, D. 1996. Organic time; a contribution to intercultural philosophy including African and Indian ideas. (*In* Tiemersma, D. & Oosterling, H.A.F., eds. Time and temporality in intercultural perspective. Amsterdam/Atlanta : Rodolpi. p. 161-176.)
- VAN DER WALT, B.J. 1997. Afrocentric or Eurocentric? Our task in a multi-cultural South Africa. Potchefstroom : IRS.
- VAN RIESSEN, H. 1970. Wijsbegeerte. Kampen : Kok.
- WIENECKE, W.A. 1922. Die Bedeutung der Zeit in Afrika in den traditionellen Religionen und in den missionarischen Verkündigung. Frankfurt am Main : Peter Lang.
- WIREDU, K. 1996. Time in African thought. (*In* Tiemersma, D. & Oosterling, H.A.F., eds. Time and temporality in intercultural perspective. Amsterdam/Atlanta : Rodolpi. p. 127-136.)

Kernbegrippe:

Afrika-tydsbegrip: natuurlik, organies
tydsbegrip

Westerse tydsbegrip: meganisties; horlosietyd

Key concepts:

African concept of time: organic; natural
time, concept of

Western concept of time: mechanistic; clock time